## Boekbekendstelling

# Die nuwe millennium. Angs of ekstase?

**VAN DER WALT, M.F., *red*. 1999. Die nuwe millennium. Angs of ekstase?**. Vanderbijlpark : PU vir CHO/Vaaldriehoekkampus. 70 p. Prys: R30,00. ISBN 0 958 4286 0 3.

Hierdie bundel verteenwoordig die neerslag van 'n simposium wat gehandel het oor die eeuwisseling en 'n bestekopname van die geskiedenis. Sentraal in die bundel is die vraag of die eeuwending die menslike emosies van angs en ekstase regverdig – 'n vraag wat vanuit verskillende vakdissplines aangepak en uitgewerk is.

Die sielkundige, Karel Botha, gebruik die prikkelende perspektief van "Digitale danse: 'n psigologiese perspektief op tyd en die nuwe millennium". Die bydrae van die wiskundige, Dirk Laurie, word met tyd en getal in verband gebring. Tienie van der Walt weer benader die millennium vanuit die perspektief van humanistiese verwagtings. Deon Geldenhuys belig die wêreldpolitiek aan die vooraand van die 21ste eeu, terwyl Marlene Verhoef 'n bestekopname maak van meertaligheid in Suid-Afrika.

In die woorde van Johann Tempelhoff het hierdie bundel opstelle ten doel om die leser te laat besin oor hede en toekoms ... en bied die bundel aan die leser die geleentheid om in die teenswoordigie tyd waardevolle insigte oor die samelewing, die rykdom van die menslike gees en die sinvolheid van realistiese verwagtinge te kry.

*Eksemplare van hierdie publikasie kos **R30** en kan bestel word by die redakteur, M.F van der Walt, Skool vir Basiese Wetenskappe, PU vir CHO, Vaaldriehoekkampus, Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900.*